NUUSBRIEF VAN DIE HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA

# Tambotie

NEWSLETTER OF THE WOODWORKING ASSOCIATION OF PRETORIA

www.ptawoodworkers.com

May 2019 Mei 2019

## From the Chairman



***Chairman Neville Comins***

Today, I am on a quest to seek out our 'missing members'. As the year moves on, with all our monthly evening meetings and the active Saturday Group meetings, it has become clear that these meetings are attended regularly by only a certain proportion of our membership. In fact, many of the attendees are well established members of many years standing. But we must ask the question as to why there remains a significant group of members who do not seem to gain the benefits offered by our Association.

Of course, some members who do not attend have business and family commitments which is understandable, but hopefully not all year through. Thus, alternatively we must wonder whether our offerings are not pitched correctly to meet all the needs and expectations of people who join our Association. Many of our newer members express the wish, on joining, to 'get started' in woodworking and often say they have little previous experience. This reinforces the question as to whether we are placing too much focus on advanced topics and not enough attention on offerings which support the development of the foundation skills in woodworking. Are we in fact choosing topics for our meetings which are at a level where some people may feel that the subjects are far off their current knowledge level and therefore cannot gain much from the inputs? The idea of Group projects and the efforts to increase interaction between the Groups have been successful, although again, those involved are mostly well-established and experienced woodworkers tackling advanced projects as themes.

I believe that the time has come to re-look at our offerings and to start planning other activities to provide primary training in key techniques and use of tools and machines. To aid this, we will soon be asking our members, particularly those who do not attend our meetings regularly, to assist us to properly define their needs. I encourage members to ensure that we receive a good response.

I am sure that we will need to develop a new type of 'hands-on activity' as learning from talks only gets one to first base. Any suggestions or thoughts will be most valuable. We want to know how the Association can be relevant to all its members as they grow in experience in woodworking.

## WILLIE DE WET 'n huldeblyk (28 Julie 1933 – 2 Mei 2019)

**Deur Lou Coetzer**



***Willie de Wet verduidelik 'n tegniek aan die draaiers.***

In talle verenigings en organisasies is daar altyd iemand wat uitstaande werk lewer en die voorbeeld stel; iemand na wie opgekyk word. Hulle gee die pas aan en bepaal soms die rigting waarin beweeg moet word. Wille de Wet was so 'n persoon – soms met woorde maar meesal met dade.

Willie de Wet sal onthou word as een van die steunpilare in die Houtwerkvereniging van Pretoria en veral vir sy bydraes by die Draaiersgroep. Willie was vir 18 jaar lid van die Houtwerkvereniging van Pretoria, en het vir een jaar, in 2010, die vereniging as voorsitter gelei. Maar hy het sy merk veral by die Draaiersgroep gemaak waar hy vir ses jaar die leiding geneem het. Hy sal ook onthou word as die groot dryfveer agter die soeke na 'n geskikte lokaal waar die draaiers maandeliks kon vergader. Dit het gebeur te midde van die groei in getal draaiers wat maandeliks nie meer in lede se werksplekke kon inpas nie. Willie het daarin geslaag om die gebruik van die Scoutsaal in Lynnwood vir die draaiers te beding.

As draaier het Willie hom onderskei en het hy tot een van ons topdraaiers ontwikkel – soveel so dat die Phil Irons-trofee al aan hom as beste draaier toegeken is. Hy was op die voorpunt, saam met ander uitstaande draaiers in hierdie groep, om altyd nuwe idees en tegnieke te verfyn en met sukses toe te pas, soos sy navolging van David Malan se gesegmenteerde draaiwerk. Hy was ook 'n bekende eksponent van uithol met 'n swaar skraper, wat hy sonder twyfel goed vermag het. Verder is hy deur die gogga van die aanwending van kleur op hout gebyt en het hy dit met groot sukses tot 'n fyn kuns ontwikkel. Trouens, sy heel laaste praatjie by die draaiers het juis oor verskillende kleurtegnieke gehandel wat hy met verskeie voorbeelde kon toelig, soos in die foto hier onder geïllustreer word.




Willie de Wet is 'n sprekende voorbeeld van toewyding vanweë sy konstante deelname aan huiswerk, draai-demonstrasies soos by die jaarlikse Hobby-X, deelname aan die jaarlikse "Aids & Gadgets", asook Projek-plank, waar hy gereeld met pryse weggestap het.

Om sy kennis en ervaring met ander te deel, asook om saam met mededraaiers nuwe tegnieke te deel en mee te eksperimenteer, het Willie de Wet 'n groepie geïnisieer met die passende naam Stompiesgroep. Die Stompiesgroep het uit vier lede bestaan (kyk foto van die groep) en het weekliks vergader en baie "nuwe" projekte aangepak soos ondermeer om hout te "ets" met behulp van 'n magnotron afkomstig van 'n ou mikrogolfoond. Dit was glo senutergende eksperimentering waarvan ons sommige van die resultate gesien en die staaltjies daaragter gehoor het.



***Lede van die Stompiesgroep: Reinald Böhringer, Willie de Wet, Leon Wolmarans en Mike Potgieter wat die pot met geêtste patrone vashou.***



***Die bekende Jakarandapot van die Stompiesgroep met etsmerke duidelik sigbaar*.**

Willie de Wet het baie diep spore in ons Houtwerkvereniging getrap wat nie uitgewis kan word nie en nog baie lank onthou sal word.
Ons eer sy nagedagtenis.

Willie was ook 'n Erelid van die Vereniging (Redakteur / Editor).




***Oorhandiging van sertifikaat van Erelidmaatskap in Januarie 2014 / Handover of Honorary Membership certificate in January 2014.***

## Association's Monthly Meeting: 29 May 2019

**By Paul Roberts**


The topic for the meeting was "Aids and Gadgets". We had a fair attendance of 32 persons, but a lowish number of entries. These are illustrated in the photographs below.



***At Smit developed this useful door holder when installing door hardware***



***Paul Roberts illustrating the table saw jig he made for cutting tenons on a table saw.***




***Neville Comins talking about the mortise jigs he made for his workbench and which provide accurate chisel alignment.***



***Paul Roberts' dovetail alignment jig for marking the joint accurately***




***Leon Wolamarans with the shop-made strap clamps he made for small wooden boxes.***



***Aluminium jig developed and made by Leon Wolmarans for the safe jointing of wooden boxes.***



***Willie Marneweck demonstrating how he stores his sheets of sandpaper in a file and keeping them flat.***




***Willie Marneweck prepares his own circular sanding discs using a template and punches.***




***Willie Marneweck's system of storing and accessing circular sanding discs.***

Congratulations to Leon and Willie who won the laurels and the prizes for the best aids and gadgets!

**Marquetry**

Neville Comins mentioned that a large interest in marquetry had developed within the Association and that Ben Prinsloo was the Group Leader. Neville gave a brief presentation on the process that he used which is basically fitting individual pieces with a craft knife. Neville's trial piece is shown below.



***Marquetry test piece by Neville Comins***

Willie Marneweck described the system he used which is referenced in Fine Woodworking and where all of the elements are sawn together by means of a scrollsaw with a very fine blade.



***Willie Marneweck's test marquetry***

## Cabinet Makers and Restorers: 11 May 2019

**By Willie Marneweck and Paul Roberts**

Unfortunately the attendance was rather poor and only 13 members were in attendance.  Members are encouraged to make these monthly commitments as there is much to be gained from the various presentations and interactions with Members.  The presentations take a lot of preparation and research. Willie Marneweck chaired the meeting as Paul Roberts had to attend a funeral.

The topic for the day was **Marking, measurement and layout** and was presented by Neville Comins.



***Marking, measurement and layout tools/instruments***





***Neville Comins making his presentation***

Neville gave, as usual, an excellent PowerPoint presentation on Marking, Measuring and Layout.  The presentation has been loaded onto the Association's website.  He and other members brought a lot of marking and measuring instruments to display. Willie Marneweck always maintains that these are not tools, but should be called instruments.

Neville went through each item pointing out what it may be used for, its strengths and shortcomings. Quality and accuracy almost go hand in hand.  The marking gauge received a lot of attention.  Pros and cons of various marking points were mentioned e.g. the needle, wheel and knife

Neville pointed out the extreme usefulness of the combination square.  He pointed out that a certain tiny one, which is a double square, (that Leon Wolmarans brought along) is to be wished for – not freely available.  The accuracy of ordinary try squares is generally not good and should be checked.  Engineer's squares can be trusted.

Neville referenced a large number of useful sources on the subject.

The progress with the eight Group Projects was discussed by various Group Leaders and Members.  In general there has been significant progress with most of the topics and clearly this is an important initiative within the Association.

Dries du Toit is now the new Group Leader for shopmade tools and gave a detailed presentation on marking gauges which he had constructed.  This tied in well with the topic presented by Neville and several members signed up for the Group.



***Dries du Toit talking on the shop made marking gauge***

The Show and Tell followed with three interventions:

- Marius du Toit explained a jig for accurately cutting to length pieces of wood with his cut off saw
- Klaas Coetzee showed a number of useful small tools that he was lucky enough to have someone bring in from the USA
- Willie Marneweck brought an actual wheel lifter from his workbench and some earlier model and explained briefly how it was made.




***Marius du Toit explaining the jig***

## Draaiersbyeenkoms op 25 Mei 2019

**Deur Jan Richter**

Soos wat dit al gewoonte geword het die afgelope paar jare, was die Mei byeenkoms weer by Leon Langenhoven se plot by Bon Accord. Die lede het al van vroeg af opgedaag. Daar was 31 lede en 6 gades teenwoordig. Die vroue het tydens die amptelike byeenkoms lekker saam met Leon se vrou, Veronica by die huis gekuier en ook die omgewing en rivier gaan verken.

Die lede het vooraf lekker saam gekuier en koffie gedrink in Leon se groot werkswinkel. Carel van der Merwe wie verantwoordelik was om die byeenkoms te lei , het almal hartlik welkom geheet en Leon bedank dat ons weereens van hulle gasvryheid kon gebruikmaak. Nadat Leon die reëlings vir die dasg verduidelik het., het Carel vir Michiel Britz aan die woord gestel.

Michiel se aanbieding het eerstens gehandel oor die veilige gebruik van 'n kettingsaag en daarna het hy die skerpmaak van die kettingsaag se lem behandel. Die oorgrote meerderheid van die lede wat die byeenkoms bygewoon het, besit 'n kettingsaag. Michiel het beklemtoon dat 'n kettingsaag 'n baie gevaarlike stuk kraggereedskap is en dat die nodige veiligheidsmaatreëls nagekom moet word. Dit is ook noodsaaklik dat oormowwe, 'n harde hoed, gesigskerm, handskoene en spesiale broek gebruik moet word. Dit is belangrik dat die lem baie gereeld skerp gemaak moet word ten einde skade aan die saag en ongelukke te voorkom. Michiel het tydens die aanbieding telkens prakties verduidelik op 'n kettingsaag en het ook voorbeelde van die slypgereedskap gewys. Die materiaal wat Michiel vir die aanbieding gebruik het, is op die webwerf beskikbaar onder "Past Event Information".



***Michiel besig met sy aanbieding. Let op die veiligheidshoed en oormowwe wat noodsaaklike items is./ Michiel busy with his presentation. Note the safety hat and earmuffs which are essential items.***

Na 'n kort breuk waartydens die lede weereens lekker gesels het, het die wys en vertel van die gedraaide

items wat deur die lede gebring is, ‘n aanvang geneem. Daar is eers gekonsentreer op die algemene stukke wat buite die tema van die draai uitdaging val. Verskeie van die nuwer lede het stukke gebring. Carel van der Merwe het ons ook ‘n bak gewys wat hy uit ‘n stuk papierbas doringboom wat deur ander lede weggegooi is, gedraai het. Hy het genoem dat die hout ‘n baie slegte reuk het.



***Natuurlike rand bakkie uit blompeer, gedraai deur Niconette du Toit / Natural-edge bowl from wild pear by Niconette du Toit.***



***Een van die bakkies wat deur Hannes van Loggenberg gedraai is / One of the bowls turned by Hannes van Loggenberg.***



***Bak uit papierbas doringboomhout deur Carel van der Merwe / Bowl from paperbark thorn by Carel van der Merwe.***

Die draai uitdaging tema vir die byeenkoms was diep uitholling / “deep hollowing” en voordat die items wat onder die tema geval het, bespreek was, was daar ‘n bespreking oor wat is diep uitholling in terme van draaiwerk. Dit is eintlik ‘n baie los term, maar At Smit se siening dat diep uitholwerk ander gereedskap as die tradisionele bakguts benodig om die stuk uit te hol, het algemene byval gevind. Die lede het wyd uiteenlopende stukke gebring wat almal voldoen aan bostaande definisie van diep uitholling. Gerrie Grobler het sy bak wat hy uit ‘n stuk doringboom gedraai het, swart gekleur aan die binnekant. Die stuk het by die byeenkoms die naam “Donkergat” gekry Johan Labuschagne het gewys dat hy nog steeds aan die draai is, met sy groterige bak uit jakaranda en versier met piouter ringe. Carel van der Merwe se draaistuk uit droë olienhout toon duidelik dat ten spyte van die baie openings dit moeilik was om te draai omrede die gate klein is en die binneafwerking bemoeilik het. Die twee vase wat At Smit en Carel van der Merwe op dieselfde dag begin draai het, uit Afrika kersiehout (“African cherry”) dui aan hoe die hout van kleur verander nadat dit gedraai is. At se stuk wat net voor die byeenkoms voltooi is, is baie ligter as Carel se stuk wat ten spyte van die rooi kleursel wat Carel aangewend het baie verdonker het,



***Gerrie Grobler se bak "Donkergat" / Gerrie Grobler’s bowl “Donkergat”.***



***Bak uit Jakaranda deur Johan Labuschagne / Bowl from jacaranda wood by Johann Labuschagne.***



***Olienhoutbak van Carel van der Merwe./. Olive wood bowl by Carel van der Merwe.***



***At en Carel se vase uit Afrika kersiehout / At and Carel's vases from African cherry.***

Leon Langenhoven het baie stukke hout geskenk vir die lootjie-trekking. Ten spyte van die baie lootjies wat getrek is, was daar nog hout oor. Baie dankie Leon. Die byeenkoms is gevolg deur 'n lekker kuier en braai saam met die vroue in Leon se braai-area.



***Hout vir die looitjie-trekking / Wood for lucky draws***



***Die saamkuier!./ Relaxation!***

Baie dankie aan Leon se vrou, Veronica vir die lekker pap, sous en nagereg. Dankie aan almal wat die byeenkoms bygewoon het en 'n GROOT DANKIE aan die Langenhovens vir 'n heerlike dag.

**Editorial**
**Editor: Paul Roberts**
**E-Mail: paul.roberts@ptawoodworkers.com**
**Tel: 084 515 2773**